



Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds

Maart 2014 Volume 20

1. Beleggingsprestasie: 2013
2. Toewysing van bydraes tot die fonds
3. Nuutste wetgewing
4. Veranderinge in administrateurs, konsultante en aktuarisse
5. Veranderinge in reëls
6. Projeksiestate
7. Hoe salarisverhogings u aftrede beïnvloed
8. Voordeelstate soos op 31 Desember 2013
9. Leef langer as u lewende annuïteit
10. Benoemingsvorm vir begunstigdes
11. Bestuur van die fonds
12. Die fonds se diensverskaffers
13. Belangrike kontakbesonderhede

Beplanning en spaar vir u aftrede verg persoonlike dissipline en kennis. Alhoewel u as 'n lid van die *Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds* ondersteuning in hierdie verband ontvang, moet u verantwoordelikheid vir u finansiële toekoms neem. Hierdie jaarlikse nuusbriëf sal u inlig oor die fonds se beleggings, die bestuur van die fonds and ander nuus wat dit beïnvloed, soos veranderinge in wetgewing. Neem die tyd om hierdie nuusbriëf te lees. U moet uself toerus met die nodige kennis om u aftrede na 'n vlak te neem waar u gemaklik kan leef en die latere jare van u lewe kan geniet.

1. Beleggingsprestasie: 2013

Die geld wat in die fonds gehou word, word belê met die doel om te verseker dat dit vinniger groei as inflasie. Wat dus in die ekonomie gebeur, beïnvloed die portefeuljes waarin u geld belê is. Die inligting wat volg, sal u op datum bring van die plaaslike en globale ekonomiese prestasie vir 2013.

Oor die algemeen was 2013 'n baie goeie jaar vir aandelebeleggings sowel as buitelandse beleggings. Die fonds se groeiportefeulje het relatief hoë blootstelling aan hierdie bateklasse gehad, terwyl die batebestuurders wat deur die fonds gekies is ook goed presteer het, wat gelei het tot 'n netto beleggingsopbrengs van 29.5% vir die groeiportefeulje vir die jaar.

Markprestasie

Bateklasprestasie vir die tydperk tot 31 Desember 2013 was soos volg:


Bateklasse	Indeks	1 Jaar	3 Jaar	5 Jaar
Plaaslike aandele	FTSE/JSE Indeks van alle aandele	21.43%	16.42%	19.93%
Plaaslike effekte	BESA All Bond Index	0.64%	8.29%	7.65%
Plaaslike kontant	SteFi Index	5.18%	5.48%	6.49%
Wêreldaandele	MSCI World Index	57.23%	30.69%	18.60%
Wêreldeffekte	Citi WGBI	18.51%	18.00%	4.87%
Wêreldkontant	Amerikaanse drie-maande skatkiswissel	23.51%	16.63%	2.63%

**Die opbrengste vir globale bateklasse is van dollar in rand omgeskakel.*

Suid-Afrika se inflasiekoers, gemeet aan die verbruikersprysindeks (VPI), was 5.4% vir 2013 en bly binne die bokant van die inflasiekoersteiken. Die groei in bruto binnelandse produk (BBP) vir die derde kwartaal van 2013 het getoon dat die ekonomie teen 0.7% kwartaal tot kwartaal gegroei het, af van 3% in die tweede kwartaal van 2013. Ná 'n 10-jaar laagtepunt van -8 indekspunte in kwartaal 3 van 2013 het die FNB/BEO verbruikersvertroue-indeks marginaal verbeter tot 'n vlak van -7 in kwartaal 4 van 2013.

Die Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het tydens sy finale vergadering in 2013 die repokoers op 5% gehou.

'n Belegging van R100 in die gebalanseerde portefeulje van die fonds sou oor die afgelope drie jaar soos volg gegroei het:



Die trustees monitor die prestasie van al die beleggingsbestuurders op 'n voortgesette basis en probeer verseker dat die langtermyn beleggingsprestasie in lyn is met of selfs beter is as die onderskeie maatstawwe. Die tabel hieronder illustreer die fonds se portefeulje opbrengste vir die tydperk tot 31 Desember 2013, tesame met 'n vergelyking van die beleggingsprestasie van ander bestuurders in Suid-Afrika. Opbrengste is netto van beleggingsfooie. Maatstawwe is ook aangepas om rekening te hou met beleggingsfooie waar van toepassing.

	<i>1 jr (p.a.)</i>	<i>3 jr (p.a.)</i>	<i>5 jr (p.a.)</i>
Plaaslike Bates			
Allan Gray	15.1%	12.2%	14.4%
Coronation	21.9%	16.3%	20.0%
Prudential	16.3%	15.5%	17.4%
<i>Mediaan plaaslike bestuurder¹</i>	<i>15.9%</i>	<i>13.9%</i>	<i>16.6%</i>
<i>Top kwartiel plaaslike bestuurder¹</i>	<i>15.8%</i>	<i>15.3%</i>	<i>17.2%</i>
Internasionale Bates			
Allan Gray International	54.2%	27.1%	11.8%
Contrarius	75.0%	Nie beskikbaar nie	Nie beskikbaar nie
<i>Internasionale indeks-maatstaf²</i>	<i>45.8%</i>	<i>26.9%</i>	<i>14.5%</i>
Totale Fonds³	29.5%	18.8%	17.3%
<i>Mediaan bestuurder (plaaslik en internasionaal)⁴</i>	<i>21.7%</i>	<i>16.2%</i>	<i>16.4%</i>
<i>Inflasie</i>	<i>5.4%</i>	<i>5.7%</i>	<i>5.4%</i>

¹ SA Large Manager Watch Best Investment View (top kwartiel sluit nie-investeerbare bestuurders uit)

² Die maatstaf word bereken as 70% van die MSCI World Index en 30% van die Citi World Government Bond Index.

³ Sluit spesiale indeks verhoging van 0.5% in Maart 2010 en 0.1% in Augustus 2013 uit.

⁴ Global Large Manager Watch Best Investment View

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrief korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrief aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

Allan Gray, as plaaslike batebestuurder, het vir 'n paar jaar reeds onderpresteer met betrekking tot die fonds se betrokke maatstawwe en is dus krities deur die fonds se trustees herevalueer. Hierdie proses het 'n aanbieding deur Allan Gray aan die fonds se beleggingssubkomitee ingesluit waartydens hulle die redes vir die onderprestasie verduidelik het, tesame met hulle siening van die toekoms van hulle mark- en beleggingstrategie. Die trustees het besluit om steeds by Allan Gray belê te bly, met inagneming daarvan dat hulle steeds beter in vergelyking met die ander "waarde" bestuurders presteer het en dat daar van hulle verwag word om beter as die meerderheid bestuurders te vaar sou die markte val.


Op 31 Desember 2013 het die gebalanseerde beleggings van die fonds in die groeiportefeulje **R2,782,346,372** beloop en is dit soos volg belê:

Allan Gray	: R668,944,740
Coronation	: R751,266,331
Prudential	: R493,601,134
Contrarius	: R453,425,951
Allan Gray International	: R415,108,216

Die totale bates in die twee kapitaalbeskermingsportefeuljes het op 31 Desember 2013 soos volg daar uitgesien:

IS FullVest	: R1,493,012
IS Banker	: R44,601,714

Die bateklasverdeling en bestuurder toewysing van die groeiportefeulje het op 31 Desember 2013 soos volg daar uitgesien:



Koste van beleggingsbestuur

Die fonds se bates word tans teen baie billike fooie bestuur in vergelyking met die fooie wat individue sou betaal indien hulle met hierdie batebestuurders sou belê, aangesien laer fooie deur die fonds op grond van die grootte van sy bates onderhandel kan word.

Die beleggingsfooie wat die fonds tans betaal, sien soos volg daar uit:

Batebestuurder	Basis fooi (BTW uitgesluit) as % van bates per jaar	Prestasiefooie (% van uitprestasie bo norm)	Verdere opmerkings
Allan Gray (plaaslik)	0.65%	n.v.t.	n.v.t.
Coronation	0.60%	n.v.t.	n.v.t.
Prudential	0.52%	n.v.t.	n.v.t.
Investment Solutions (Banker)	0.30%	n.v.t.	n.v.t.
Investment Solutions (FullVest)	0.60%	n.v.t.	n.v.t.
Orbis (Equity)	1.50%	4% van die drie-jaar kumulatiewe uitprestasie	Maks. totale fooi van 2.5% p.a. Min. totale fooi van 0.5% p.a.
Orbis (Optimaal)	Selfde as hierbo	Selfde as hierbo	Bykomende fooi van tot 0.50% p.a. betaalbaar indien die fonds kontant met meer as 5% in 'n een-jaar tydperk sou uitpresteer.
Contrarius	0.75%	20% van uitprestasie	n.v.t.

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

Huidige beleggingsopsies

Die meerderheid lede van die fonds word in die fonds se gebalanseerde portefeulje belê. Lede wat ouers as 53 is, het die keuse om hulle fondskrediete gedeeltelik of ten volle in die kontantportefeulje te belê (die kapitaalbeskermingsopsie). Sekere kostes en voorwaardes geld indien lede bogenoemde keuses uitoefen.

Net om die geheue te verfris: in terme van die fonds se **lewensfasemodel** word lede outomaties en geleidelik na die kontantportefeulje geskuif in die jaar waarin hulle 63 word (sou hulle nie gekies het om in die fonds se gebalanseerde portefeulje of een van die ander beleggingsopsies wat vir hulle beskikbaar is, te bly nie). Aan die einde van die jaar waarin hierdie lede 65 word, sal ongeveer 50% van hulle fondskrediet in die gebalanseerde portefeulje en 50% in die kontantportefeulje belê wees.

2. Toewysing van bydraes tot die fonds

Die lede van die fonds mag hulle bydrae-kategorie kies. Afhangend van die lid se keuse, kan lede 10%, 12.5%, 15%, 17.5% of 20% van pensioendraende vergoeding tot die fonds bydra. Bydraes tot die koste van die eggenoot en kinders se pensioen en ongeskiktheidsdekking is bykomend tot bogenoemde bydraes. **Lede kan ook addisionele, vrywillige bydraes tot die aftreefonds op 'n ná-belaste basis maak.**

Die toewysing tot die fonds en ongeskiktheidskema op 1 Januarie 2014 was soos volg:

Toewysing van lid se bydraes					
Totale bydrae per kategorie	11.65%	14.15%	16.65%	19.15%	21.65%
Min: Ongeskiktheidspremie	0.38%	0.38%	0.38%	0.38%	0.38%
Min: Premie vir eggenoot- en kinderpensioen	1.27%	1.27%	1.27%	1.27%	1.27%
Min: Voorsiening vir administrasiekoste	0.30%	0.30%	0.30%	0.30%	0.30%
Bydrae tot aftrede	9.70%	12.20%	14.70%	17.20%	19.70%

Let daarop dat werknemers ook bydra tot aparte eggenootdekking en aparte lewensversekering wat nie deur die fonds verskaf word nie en ook nie hier gewys word nie.

Die struktuur van die gade en kinders se pensioenvoordeel het op 1 Maart 2013 verander. Die gade- en kinderpensioen word behou, maar verhoog nou jaarliks met 100% van inflasie. 'n **Minimum** lewensdekking van twee (2) keer salaris sal egter nou aan alle lede betaalbaar wees, indien hulle byvoorbeeld nie 'n gade of kinders het nie.

3. Nuutste wetgewing

Hierdie afdeling van u trusteeverslag verskaf inligting oor belangrike veranderinge in wetgewing wat in die verslagjaar in werking getree het. Veranderinge in wetgewing kan u aftreespaargeld beïnvloed, dus behoort u op hoogte te wees van sake en hierdie afdeling te lees.

Die regering wil Suid-Afrika se aftreefondsbedryf verander sodat u in u oudag meer geld in die sak het. Die Nasionale Tesourie het 'n aantal dokumente gepubliseer oor voorgestelde veranderinge aan Suid-Afrika se aftreefondsbedryf. Die doelwit is om standarde en deursigtigheid te verhoog. Ons sal nou sommige van hierdie veranderinge van nader beskou.

Verhoogde bewaring

Die regering wil bewaring verhoog wanneer lede van werk verander, maar wil ook bestaande regte beskerm. Sodra daar meer duidelikheid is oor maniere waarop aftreespaargeld behou kan word, sal die fonds hierdie inligting aan sy lede kommunikeer.

Nuwe fokus, nuwe rigting

Die regering het fondse gevra om hulle fokus te verskuif vanaf die bestuur van voordeelstrukture tot dienslewering aan individuele lede. Dit wil hê fondse moet verseker dat lede dwarsdeur hulle lewens finansiëel beveilig is. Dit beteken dat werkgewers krities moet dink oor hulle voordeelstrukture en praktyke sodat dit ook werklik vir die lede werk.

Fokus op kostes

Baie aftreefondsmaatskappye het reeds begin om kostes te hersien. Hierdie is goeie nuus vir fondsledes, aangesien dit sal lei tot groter aftreefondsspaargeld.

Hoewel sorg geneem is om te verseker dat die inligting in hierdie nuusbrieff korrek is, is die inligting slegs vir inligtingsdoeleindes. Nóg die fonds nóg die konsultante kan vir die inhoud van hierdie nuusbrieff aanspreeklik gehou word. Alle regte van lede word in die amptelike reëls van die fonds uiteengesit.

4. Veranderinge in administrateurs, konsultante en aktuarisse

Aan die einde van 2013 het die trustees besluit om die administratiewe, konsultasie- en aktuariële dienste van die fonds uit te gee op tender.

Ná 'n evaluering van die tenders wat ingedien is, sowel as voorleggings deur 'n kortlys van diensverskaffers, is daar besluit om Simeka Consultants and Actuaries as konsultante en aktuarisse aan die fonds aan te stel en Sanlam as administrateurs van die fonds. Hulle sal vanaf 1 Maart 2014 Alexander Forbes Finansiële Dienste vervang.

5. Veranderinge in reëls

Elke aftreefonds se stel reëls moet by die Registrateur van Pensioenfondse (FDR) geregistreer word en deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) goedgekeur word. Veranderinge in hierdie reëls moet ook met die Registrateur van Pensioenfondse geregistreer word en deur SAID goedgekeur word.

Geen veranderinge aan reëls is in die afgelope kalenderjaar aan die FDR en SAID ingedien nie.

Die reëls van die fonds kan by die fonds se geregistreerde adres besigtig word.

6. Projeksiestate

Projeksiestate word saam met die fonds se voordeelstate verskaf. Hierdie state illustreer die vervangings-verhoudings wat lede met aftrede kan verwag, onderhewig aan verskillende groeiscenario's vir beleggings. Van belang is dat die vervangingsverhoudings op 'n lid se pensioendraende salaris gebaseer word, wat op sy beurt slegs 75% van 'n lid se totale koste van indiensname uitmaak. Byvoorbeeld, met u aftrede kan u verwag om slegs 60% van u totale finale salaris as pensioen te ontvang indien die projeksiestaat aandui dat u 'n vervangingsverhouding van 80% sal ontvang. Dit is dus belangrik om addisionele aftreebefondsing te oorweeg ten spyte van 'n relatief hoë vervangingsverhouding in u projeksiestaat.

7. Hoe salarisverhogings u aftrede beïnvloed

In die huidige moeilike ekonomiese omstandighede is 'n salarisverhoging altyd goeie nuus. Die ekstra paar rand kan help om skuld te delg en finansiële sake te verminder. Navorsing deur Alexander Forbes toon egter dat kanses op 'n gemaklike aftrede eintlik kan verminder soos u salaris verhoog.

Kry meer

Die Alexander Forbes Member Watch Survey™ is 'n analise van werklike aftreefondservaring oor drie jaar. Die opname analiseer die gedrag van meer as 700 000 lede oor verskillende fondse. Volgens die opname het baie mense se salarisse met meer as die VPI toegeneem.

Die impak

Die beleggingsopbrengs op u aftreefondsportefeulje sal moontlik nie byhou soos u salaris verhoog nie – wat beteken dat die bedrag wat u ontvang wanneer u aftree onvoldoende sal wees in vergelyking met die salaris wat u op daardie stadium verdien en dus die pensioen wat u met uittrede sou verwag.

Indien u 'n salarisverhoging ontvang wat hoër is as die VPI sal die salaris wat u net voor aftrede ontvang, hoër wees as wat in die meerderheid pensioenberekenings verwag sou word. Dit beteken dat u pensioen 'n laer persentasie van u salaris met aftrede sal uitmaak.

Verbeter u kanses

Neem hierdie stappe om te verseker dat u aftreeplan op koers bly ná 'n salarisverhoging:

- Verhoog u bydraes aan die fonds.

Die **verbruikersprysindeks (VPI)** meet veranderinge in die prys van 'n mandjie goedere en dienste. Dit meet inflasie elke maand en elke jaar. Eenvoudig gestel, wat u vandag vir brood betaal is nie dieselfde as wat u volgende jaar sal betaal nie.

- Gebruik die ekstra geld om bykomende vrywillige bydraes te maak. Hierdie kan óf 'n vaste bedrag óf 'n persentasie elke maand wees.
- Spaar ekstra geld buite die fonds in 'n spaarrekening, aftree-annuïteitsfonds of effektetrust.

Praat met 'n finansiële adviseur oor watter opsie die beste vir u unieke omstandighede is.

8. Voordeelstate soos op 31 Desember 2013

Saam met hierdie nuusbrieff het u u jaarlikse voordeelstaat ontvang wat besonderhede verskaf van die bydraes wat namens u aan die fonds betaal word, en die waardes van u uitdienstredings-, sterfte-, ongeskiktheids- en aftreevoordele op die datum van die staat. Lees asseblief noukeurig deur u staat en kontak Japie Kotzé (jjsk@sun.ac.za) indien enige veranderinge aangebring moet word.

9. Leef langer as u lewende annuïteit

Met u aftrede sal u 'n gedeelte van of u volledige fondskrediet moet gebruik om u van 'n inkomste te voorsien. U kan óf 'n inkomste aankoop waarvan die uitbetaling vir die res van u lewe gewaarborg is, óf in 'n lewende annuïteit belê waarvoor u self besluit hoeveel geld om te belê en hoeveel u wil trek (binne sekere perke).

Lewende annuïteite is gewild omdat die deel van die voordeel wat u nie tydens aftrede as 'n maandelikse inkomste gebruik nie aan u begunstigdes uitbetaal sal word wanneer u sterf. Die negatiewe sy is dat indien u langer sou leef as wat u verwag, u lewende annuïteit sou kon opraak, wat u sonder 'n maandelikse inkomste kon laat.

Kom ons kyk na 'n paar maniere waarop u kan verseker dat u geld nie opraak wanneer u aftree nie.

Beplan vir u aftrede

Hoe vroeër u aftree, hoe meer tyd het u om 'n pensioen te trek en hoe minder tyd om genoeg geld te spaar om u aftrede te bekostig. Met vooruitgang in moderne geneeskunde leef mense langer. Dit beteken dat u moet verseker dat u genoeg geld gespaar het om vir meer as 20 jaar ná u aftrede te hou.

Spaar u opgehoopte voordele

Te veel werknemers trek hulle opgehoopte voordele wanneer hulle van werk verander. Dit maak 'n groot inbraak in die geld wat u vir u aftrede beskikbaar het. Een van die maniere om seker te maak u het genoeg vir u aftrede is om u aftreevoordele te bewaar wanneer u van werk verander.

Indien u fonds u die buigzaamheid gee om u bydrae te verhoog, neem hierdie geleentheid om meer tot u aftreespaargeld te voeg. Deur die bydrae te verhoog, vergroot u die maandelikse inkomste van u aftree-annuïteit wanneer u aftree.

Moet nie net op u annuïteit vertrou nie

U aftreefonds en werkgewer is beperk in wat hulle kan doen om u by te staan om u aftreedoelwitte te bereik. Hier is drie dinge wat u self kan doen om seker te maak dat u in die toekoms beskerm is.

- Spaar meer geld buite u aftreefonds.
- Volg u beleggingstrategie noukeurig.
- Lig uself in oor u fonds, u beleggings en u aftreetoekoms.

Indien u bystand benodig om 'n gekwalifiseerde finansiële beplanner te kry wat u kan help om seker te maak dat u genoeg spaar vir die toekoms wat u wil hê, gaan kyk op die Finansiële Beplanningsinstituut se webwerf (www.fpi.co.za) vir 'n lys gesertifiseerde finansiële beplanners.

10. Benoemingsvorm vir begunstigdes

Die trustees het 'n plig om alle kwalifiserende afhanklikes en benoemde begunstigdes te identifiseer wanneer 'n lid van 'n aftreefonds sou sterf. In terme van Artikel 37C van die *Wet op Pensioenfondse* neem die trustees dan die betrokke omstandighede in ag wanneer hulle die afgestorwene se enkelbedrag sterftevoordeel moet verdeel.

Indien u nog nie 'n benoemingsvorm vir begunstigdes voltooi of bygewerk het nie en dit moeilik is om u gesinslede te kontak, kan daar moontlik tot 12 maande verbygaan voordat u voordele uitbetaal word – juis wanneer u gesin 'n groot behoefte aan finansiële bystand het.

- Werk u benoemingsvorm vir begunstigdes by deur dit te verander wanneer u persoonlike omstandighede verander, soos met 'n huwelik, egskedding, die geboorte van 'n kind of 'n kind wat finansiële onafhanklik word.
- As u nie die name van die mense wat finansiële van u afhanklik is, invul nie, word dit die trustees se plig om later seker te maak dat hulle 'n deel van u sterftevoordeel kry, of u dit wou hê of nie.
- Indien u 'n afhanklike het wat nie deel van die sterftevoordeel moet kry nie, moet u nog steeds die persoon se naam op u benoemingsvorm van begunstigdes insluit. Sit net 0% by hulle naam en verskaf 'n geldige rede hoekom hulle nie enige van die voordele moet ontvang nie.

Dit is baie belangrik dat u begryp dat enige testament wat u opstel nie bindend is op hoe die sterftevoordeel verdeel word nie. Indien u testament bepaal dat u sterftevoordeel aan 'n spesifieke persoon uitbetaal moet word, kan die trustees nog steeds u wense van die hand wys en die sterftevoordeel toeken soos hulle glo regverdig is en in ooreenstemming met die *Wet op Pensioenfondse*.

11. Bestuur van die fonds

Elke aftreefonds word deur 'n raad van trustees beheer. Die trustees wat deur die werkgewer aangestel word, is deur u werkgewer gekies en die trustees wat deur die lede aangestel is, word deur u, die lid, gekies.

Die trustees het 'n plig om:

- Die fonds volgens die reëls van die fonds te bestuur, sowel as volgens pensioenfonds- en belastingwetgewing.
- Alle redelike stappe te neem om te verseker dat u belange altyd beskerm word.
- Met sorg, ywer en te goeder trou op te tree.
- Belangebotsings te vermy.
- Namens alle lede en begunstigdes regverdig te handel.
- Seker te maak dat ordentlike beheerstelsels in plek is.
- Seker te maak dat u op 'n gepaste wyse en voldoende kommunikasie ontvang.
- Redelike stappe te neem om te verseker dat bydraes betyds betaal word.
- Kundige raad te verkry waar hulle kundigheid kort.
- Seker te maak dat die funksionering en administrasie van die fonds voldoen aan alle relevante wette.

Die volgende trustees het op die raad van u aftreefonds gedien vir die tydperk in hersiening:

Trustees deur werkgewer aangestel	Trustees deur lede aangestel
Prof JU de Villiers Prof JD Krige Me FA du Plessis (Voorsitter) Prof JF Smith Mnr HAJ Lombard	Mnr LR Burrows Mnr PW Kloppers Prof E Calitz Prof JH van Rooyen Me G Arangies

Ná die onlangse trusteeverkiesings lyk die raad van trustees vir 2014 soos volg:

Trustees deur werkgewer aangestel	Trustees deur lede aangestel
Prof JU de Villiers Prof JD Krige Me FA du Plessis (Voorsitter) Prof JF Smith Mnr HAJ Lombard	Mnr LR Burrows Mnr R van Staden Prof JL van Niekerk Prof JH van Rooyen Me G Arangies

Mnr J Kotzé is die fonds se hoofbeampte.

12. Die fonds se diensverskaffers

Die trustees benodig kundige advies om seker te maak dat hulle u aftreegeld op die beste manier moontlik bestuur. Die volgende maatskappye is deur u trustees aangestel om hulle by te staan in die bestuur van u fonds:

Diens	Verskaffer	Opsomming van funksie
Aktuarisse en konsultante	Simeka (m.i.v. 01/03/2014)	Om die trustees te help en te lei in die bestuur van die fonds en om nakoming van aftreefondswetgewing te verseker. Om die finansiële posisie van die fonds te ondersoek en daarvoor verslag te doen.
Administrateurs	Sanlam (m.i.v. 01/03/2014)	Lopende rekordhouding, belê van bydraes, uitreiking van voordeelstate en betaling van voordele.
Ouditeure	PriceWaterhouseCoopers	Om die jaarlikse oudit van die fonds se rekenings uit te voer en verslag te doen oor sekere vereistes soos deur die Registrateur van Pensioenfondse bepaal.
Bankiers	ABSA Bank (m.i.v. 01/03/2014)	Dit is die bank waar die fonds sy rekenings het, waaruit en waarin fondsgelde betaal word.
Versekerars	Capital Alliance, Old Mutual	Om groeplewensversekering en permanente gesondheidsversekering (sterfte- en ongeskiktheidsvoordele) te verskaf.
Beleggingsbestuurders	Allan Gray, Coronation, Prudential, Orbis, Contrarius & Investment Solutions	Om die fonds se bates volgens die mandaat wat deur die trustees uiteengesit is, te bestuur.

13. Belangrike kontakbesonderhede

<i>MH-departement</i>	<i>Fondskonsultant</i>	<i>Pensioenfondsberegter (PFB)</i>
Japie Kotzé Tel.: 021 808 2754 Faks: 021 808 2484 E-pos: jjsk@sun.ac.za	Riaan Botha Tel.: 021 912 3322 Faks: 021 912 3341 E-pos: riaan@simekaconsult.co.za	Posbus 580 Menlyn 0063 E-pos: enquiries-jhb@pfa.org.za
Alle eise of fondsnavrae moet via die MH-departement gedoen word.		Lede mag die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die fonds hanteer word nie. Raadpleeg die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir besonderhede en vir die omstandighede waaronder 'n klag ingedien mag word.